OGGENDUITGAWE

Sondag, 1 November 1970

8c

Dagbreek en LANDSTEM

JAARGANG 25, NR. 17

By die Poskantoor as Nuusblad geregistreer

110 BLADSYE — 5 SEKSIES

BLONDE SPIOEN SÊ:



(Deur WILLIE BUYS)

JENNIFER MILES, die aantreklike blonde meisie van Kimberley wat as spioen opgetree het vir drie lande, is nou klaar met dié dinge. Sy wil nou met rus gelaat word sodat sy soos 'n normale mens kan leef.

Sy praat nie graag oor haar ontmaskering as 'n agent vir Kuba en die daaropvolgende uitsetting uit Amerika nie. Maar sy het tog die afgelope week 'n bietjie meer lig gewerp op haar verlede wat die wêreld aan die gis het.

„Ek is nie 'n Mata Hari nie en ek het nog nooit iets gedoen waaroor ek skaam hoef te wees nie," sê sy. Sy is net jammer dat haar familie en vriende in die verleentheid gestel is deur die koerantberigte uit Washington.

Sy het erken dat sy vier maande lank, van November 1967 tot Maart 1968 in Kuba was. Sy beklemtoon egter dat dit 'n vakansie was. Sy wou nie kommentaar lewer op die vraag of sy vir die Kubaanse regering gespioeneer het nie.

Sy ontken dat sy ooit aangehou is deur die veiligheidsdienste van Amerika of Suid-Afrika. Toe sy Washington verlaat het met 'n eenrigting-visum, het sy nog gewerk vir die Suid-Afrikaanse Ambassade, het sy gesê.

Sy het ten sterkste ontken dat sy enige verbintenis gehad het met die Bevrydingsfront van Quebec (F.L.Q.). Sy ken glad nie eens iemand van Frans-Kanadese afkoms nie, het sy bygevoeg.

● Mej. Miles sê sy is nog nie deur iemand met die dood gedreig nie. Onlangs was daar ook gerugte dat sy geregtelike stappe oorweeg teen koerante wat lasterlike berigte oor haar geplaas het.

Toe sy Vrydag daarna gevra is, het sy net geglimlag en gesê dat sy nog nie besluit het wat om te doen nie. (Nog 'n berig en foto's op bl. 13.)

„EK HET NIKS GEDOEN WAARVOOR EK MY MOET SKAAM'

R1000 Vir 'n Naam

ONS nuwe koerant moet 'n naam kry. Daarvoor het ons ons lesers se hulp nodig, en hier lê R1000 en wag vir die leser wat vir ons presies die regte naam instuur.

Dis 'n blitskompetisie. Ons moet u inskrywings vóór 14 November ontvang.

Kry vir ons 'n lekker naam, skryf dit agterop 'n poskaart of 'n koevert en stuur dit aan: Nuwe Naam, Dagbreek, Posbus 5474, Johannesburg.

Die leser wie se naam die meeste byval vind, kry die hele R1000 kontant.

DAGBREEK EN BEELD WORD EEN



Magtige Nuwe Sondagkoerant Kom Binnekort

DAGBREEK en DIE BEELD gaan saamgevoeg word tot 'n



● Mnr. W. van Heerden



● Adv. D. P. de Villiers



● Mnr. M. V. Jooste